

VOORAF

Die artikels in hierdie uitgawe van *Literator* is voordragte wat gehou is tydens 'n simposium oor *Literatuur en gemeenskap* as deel van die eerste Somerskool van die PU vir CHO in Januarie 1981. Dit het oor twee dae gestrek, en simposiumgangers het die ruim geleentheid gebruik om die temas wat aan die orde gestel is, te bespreek. Dit geld veral die uiteensetting van mnr. Jan Swanepoel oor *Vryheid en gebondenheid van die letterkunde in 'n plurale gemeenskap*. Aangesien dit bedoel is as 'n inleiding tot die gesprek wat daarvoor gevoer is met mnr. Swanepoel en prof. T.T. Cloete, het dit meer die karakter van inligtingstuk en vraagstelling. As geheel wil hierdie referate 'n bydrae wees tot akademiese denke oor 'n brandende vraagstuk op die terrein van die literatuur.

Redaksiekommissie